# waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL JAARGANG 7, NO 10 OKTOBER 2001

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD


1 **Redaksioneel**
*Twee sake*
1 **Op die kerkerf**
*Ons Teologiese Skool - gister, vandag, môre*
Dr JG Meijer
2 *Opleiding deur en vir die kerke*
Dr JG Meijer
6 *Teologiese Skool Potchefstroom*
Ds SD Snyman
7 *Die Teologiese Skool - vandag*
Ds HLJ Momberg
9 *Want ons is medewerkers van God...*
Ds ALA Buys
11 *Forum-bespreking*
Dr AH van den Bout
12 **Persskou**
*Aardverskuiwing in Kampen*
Ds GJ Meijer


REDAKSIONEEL

# TWEE SAKE

## Die Teologiese Skool

Hierdie uitgawe van *Waarheid en dwaling* gaan grotendeels oor ons Teologiese Skool. Die vier toesprake tydens die jaarvergadering van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel word gepubliseer in die volgorde waarin hulle gelewer is. Met die weergawe van die forum-bespreking wat na die toesprake gevolg het, word hierdie reeks artikels oor die skool afgesluit.

Ons skool is die skool van die Gereformeerde Kerke in ons land (GKSA). Dit is 'n beginsel. Dit beteken in die praktyk:

- Die kerke bepaal die standaarde waaraan die gereformeerde opleiding tot die bediening van die Woord behoort te voldoen.
- Die kerke beroep die professore wat die onderrig gee.
- Die kerke hou noukeurig toesig oor die skool en veral oor die inhoud van die onderrig.
- Die kerke onderhou die skool.

As die opleiding van toekomstige predikante enigsins in die gedrang kom, het dit katastrofale gevolge vir die onmiddellike toekoms van die kerke. Die vraag wat in die jaarvergadering op 13 Oktober indringend aan die orde gestel is, lui: *Handel ons, die GKSA, volstrek volgens ons beginsel?*

Die antwoord op hierdie vraag word in die artikels oor die skool gegee. Aangesien die skool so 'n belangrike posisie in ons kerklike lewe inneem, word die sorgwekkende kwessies wat ter sprake gekom het, aan alle kerkrade binne die verband van die GKSA voorgelê. Hulle ontvang hierdie blad met 'n dekbrief waarin die kerkrade versoek word om dringende aandag aan die stand van sake in die skool te gee, die genoemde sake te behandel en die kerklike weg te bewandel. Mag die worsteling om die behoud van die skool gepaard met gebed. En mag ons hemelse Vader ons genadig wees en ons gebede verhoor.

## 'n Rand per week vir die biblioteek

Daar word mild vir die biblioteek gegee. Die saldo in die bankrekening bedra tans omtrent R7,900. Volgende maand volg DV meer besonderhede. Tjeks kan geskryf word ten name van die Stigting vir Gereformeerde Literatuur en aan die administrasie-adres van *Waarheid en dwaling* gestuur word. Vir wie regstreeks gifte in die rekening wil oorplaas, volg die gegewens hieronder.

Stigting vir Gereformeerde Literatuur
ABSA Ben Swartstraat Tak
Wonderboom-Suid, Pretoria
Takkode: 334 645
Rekening nommer: 9073 902 771.

OP DIE KERKERF

# Ons Teologiese Skool – gister, vandag, môre

**Dr JG Meijer**, Pretoria

**In hoeverre is die Teologiese Skool op Potchefstroom vandag nog *ons* skool, die skool van Die Gereformeerde Kerke in ons land (GKSA)? Behels hierdie vraag net 'n formele kwessie? Of het die minste prysgawe van kerklike alleenseggenskap ook belangrike konsekwensies vir die opleiding? Hierdie vrae het die dertiende Oktober indringend ter sprake gekom tydens die jaarvergadering van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel.**

Daar is vier toesprake gelewer. Na die bespreking daarvan het die vergadering unaniem besluit om die kerke op te wek tot gebed en kerklike optrede. Afgevaardigdes van die vereniging sal kuratore versoek om met hulle en professore indringend oor die kommerwekkende stand van sake te praat.

Hieronder volg die weergawe van die vier toesprake in die volgorde waarin hulle gehou is. Die laaste artikel in hierdie rubriek bevat 'n kort opsomming en standpuntbepaling deur die voorsitter van die vereniging, dr AH van den Bout.

Hierdie uitgawe van *Waarheid en dwaling* word aan alle kerkrade in die verband van die GKSA gestuur. Die saak is belangrik. Die dosente aan die Teologiese Skool het die roeping om bedienaars van die Woord op te lei. Dit gaan in die skool oor die toevertrou van die betroubare leer aan broeders wat bekwaam gemaak moet word om die Woord van die Here in al sy rykdom te

ontvou. Gebeur dit soos dit behoort te gebeur? Ons vra vir die kerkrade: Neem kennis van die onderstaande artikels, bespreek hierdie saak en wend u tot die meerdere vergaderings. Mag die Here gee dat ons skool weer ten volle as skool van die kerke gaan funksioneer. Tot behoud, opbou en uitbou van die kerke en tot eer van die Here.

# Opleiding deur en vir die kerke

**Dr JG Meijer**, Pretoria

**Wie moet ons toekomstige predikante oplei? Wie behoort toesig oor die opleiding te hou? Die Teologiese Skool en die Fakulteit Teologie van die PU vir CHO word al hoe meer met mekaar verweef. Wat is die gevolge daarvan? En wat behoort die kerke en die lidmate vir die voortbestaan van húlle skool te doen?**

Om hierdie vrae te beantwoord staan ons kortliks stil by die aanvanklike opleiding binne die Gereformeerde Kerke in ons land (gedurende die sestigerjare van die 19de eeu). In aansluiting hierby kom die volgende vrae agtereenvolgens ter sprake: Waarom het die kerke dié wyse van opleiding verkies? Op watter beginsel berus hulle eerste keuse? Waarom is hierdie beginsel vir die kerke ononderhandelbaar? Hoe lyk die praktyk, as die kerke aan hierdie beginsel vashou? Wat is die gevolge van --afwyking van dié beginsel? En wat behoort ons op grond van ons beginsel te doen?

## Opleiding na kerkreformasie (1859-1869)

In die jaar 1858 kom ds Dirk Postma na Suid-Afrika. Die Nederlandse kerke van die afskeiding stuur hom met die opdrag om hulp te verleen aan die jong ontwikkelende Afrikaanse kerke en om 'n moontlike sendingterrein te identifiseer. Daar ontstaan in die Transvaalse kerke 'n konflik. Ds Postma word verplig om evangeliese gesange in die erediens te laat sing. Broeders wat met dié besluit nie kan saamstem nie, stig in 1859 onder 'n seringboom in Rustenburg die 'Vrye Gereformeerde Kerk' in ons land. Ds Postma word beroep as predikant deur die eerste kerk van die kerkverband wat later as die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) bekend staan.

Die Gereformeerde Kerke vermeerder vinnig. Dan kom die vraag na opleiding van toekomstige dominees vanself aan die orde. Wie moet dié taak volvoer? Sinodes in die begin van die sestigerjare dra die opleiding aan die toenmalige twee predikante op, ds Postma en ds J Beijer wat ook uit Nederland gekom het.

Opleiding deur diensdoende dominees is uiteraard 'n noodoplossing. Die Sinode van 1869 besluit dat die kerke saam die opleiding sal behartig. Ds Postma, inmiddels predikant van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp, word beroep om die opleiding deeltyds waar te neem. Die Teologiese Skool Burgersdorp word in die lewe geroep. Die aanvaarding van die finansiële onderhoud van die skool deur alle kerke saam volg op 'n sinode in die sewentigerjare.[1]

## In die voetspoor van die afgeskeie kerke in Nederland

Opleiding aanvanklik deur diensdoende dominees ('n noodoplossing) en naderhand aan 'n skool van die kerke – die kerke in Suid-Afrika loop dieselfde opleiding-pad as wat die afgeskeie kerke in Nederland tevore reeds geloop het.

In 1834 begin die afskeiding van die Nederlandse Hervormde Kerk op die Groningse dorp Ulrum. Dirk Postma is dan nog 'n seun, sestien jaar oud. Gebrek aan kerkgeboue en aan voldoende finansies dring die afgeskeie kerke tot aanvanklike opleiding deur diensdoende dominees. Die opleiding vind in verskeie provinsies plaas. Ds TF de Haan neem die opleiding van Friese jongmanne waar in die dorp Wanswerd. Dirk Postma word een van sy studente. Sy leermeester dra sy grondige kennis van die tale van die Ou Testament (Hebreeus en Aramees) aan sy jong en leergierige student oor.

Twintig jaar na die begin van die afskeiding besluit die sinode van die afgeskeie kerke om hulle Teologiese Skool te stig. Die kerke aanvaar saam verantwoordelikheid vir die opleiding. Ds TF de Haan behoort tot die eerste vier professore. Die stigting van die Teologiese Skool Kampen in 1854 geskied vier jaar voor die koms van ds Postma na Suid-Afrika.

Opleiding na kerkreformasie geskied aanvanklik deur diensdoende dominees en daarna aan die skool van die kerke. Die GKSA volg die Nederlandse voorbeeld. Hoe moet ons dié navolging waardeer? Volg ons Gereformeerde Kerke van die negentiende eeu onnadenkend en slaafs in die voetspoor wat die kerke van die afskeiding getrap het?

## Terugkeer na die Dordtse kerkorde

In die negentiende eeu word teologiese studente in Nederland aan universiteite opgelei. Die afgeskeie kerke wyk van daardie 'reël' af. Hulle vertrou die teologiese vorming van toekomstige predikante nie aan 'n universiteit toe nie, maar neem die opleiding self ter hand.

Hierdie kerklike opleiding geskied op grond van 'n ou gereformeerde beginsel. Die bekende Sinode van Dordrecht (1618-1619) bepaal in artikel 2 van die kerkorde: Daar sal vier soorte besondere ampsdraers in die kerke dien, naamlik bedienaars van die Woord, doktore, ouderlinge en diakens. Doktor in artikel 2 wys nie op 'n

1 Ds SD Snyman vermeld in sy artikel hieronder historiese gegewens oor die ontstaan en ontwikkeling van die Teologiese Skool.


**VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL**

*Voorsitter:*
Dr AH van den Bout
Tel (012) 332-2988
E-pos: vdenbout@mweb.co.za

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za

*Medewerkers:*
Dr AH Bogaards
Dr JM Boon
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr AH van den Bout

*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Bankrekeningnr:*
Spaarrekening 9054701904
ABSA
Pretoria Waverley Plaza

*Intekengeld:*
R 80 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

teologiese graad nie. Doktore is predikante wat die kerke afsonder om toekomstige bedienaars van die Woord op te lei.

Gereformeerde professore in die teologie behoort volgens artikel 2 van die kerkorde *kerklike ampsdraers* te wees. Die inhoud van hulle amp word in artikel 18 omskryf. Opleiding van predikante word van oudsher deur gereformeerde kerke as 'n uit en uit kerklike saak beskou en gehanteer. Die afgeskeie kerke onderhou weer die Dordtse kerkorde.

Toe die GKSA kerklike opleiding instel, volg hulle dus nie slaafs 'n Nederlandse voorbeeld na nie, maar keer hulle saam met hulle afgeskeie broeders in Nederland terug na die Dordtse kerkorde. *Opleiding deur die kerke is een van die Dordtse beginsels.*

Die vraag kom na vore: Waarop berus hierdie beginsel?

## 'n Skriftuurlike beginsel

Talle bepalings in die Dordtse kerkorde berus op die Woord van God en die belydenis van die kerke. Ook die opleiding van predikante deur kerklike ampsdraers berus op die Skrif.

Onder die ou verbond dra die stam van die Leviete verantwoordelikheid vir die offerdiens en vir die onderrig van Gods volk in die wette van die Here.[2] Om die onderrig te kan uitvoer moet die Leviete vanselfsprekend opgelei word. Alhoewel ons niks daarvan in die Ou Testament hoor nie, bestaan daar in die ou bedeling hoogs waarskynlik skole wat die Leviete vir hulle take bekwaam maak. Leviete lei Leviete op. Samuel ('n Leviet), ontvang sy godsdienstige opvoeding grotendeels van die hoëpriester Eli.[3]

Leviete wat grondig in die Skrif tuis is, staan na die ballingskap bekend as Skrifgeleerdes. Esra is 'n voorganger in hulle midde.[4]

Telkens wanneer Leviete hulle onderrig-roeping versaak, gee die Here profete. 'n Groep profete onder leiding van Samuel tree op[5] in 'n tyd waarin die woord van die Here maar skaars is.[6] Die later profete-seuns is manne wat in 'n tyd van kerklike verval deur die profete Elia en Elisa geskool word.[7] Verskeie groepe profete ontvang onderrig. Elia en Elisa het profeteskole op Betel,[8] Jerigo[9] en Gilgal.[10] Ook die profeet Jesaja het 'n skool. Sy leerlinge[11] ontvang onderrig van hom. Skoling van profete deur profete is só normaal in Israel – Amos vertel dat hy 'n uitsondering op hierdie reël is in sy uitspraak: Ek is 'geen profeet en ook geen profete-seun nie'.[12] Hy is – anakronisties gesê – 'n profeet volgens artikel 8 van die kerkorde, sonder kerklike opleiding.

Kerklike opleiding – Hierdie reël bly geldig, ook in die nuwe bedeling. Ons Verlosser kies twaalf dissipels, leerlinge. Hy lei hulle gedurende sy driejarige ampsbediening in Israel tot apostels op. Hulle is na Christus se hemelvaart gereed om die evangelie amptelik te verkondig.

Die apostels neem op hulle beurt die opleiding waar. Paulus onderrig Lukas op sy sendingreise sodat hierdie medikus in staat is om twee boeke van die Nuwe Testament te skryf, sy evangelie en die boek Handelinge. Apostels praat oor hulle leerlinge as hulle kinders of seuns. Petrus lei Markus op,[13] die skrywer van die evangelie onder sy naam. Paulus is die geestelike vader van Timoteus[14] en Titus.[15]

Die generasies na dié van die apostels? Die beginsel van kerklike opleiding bly in alle tye van krag. Paulus roep Timoteus om die volgende geslag voorgangers op te lei met die woorde: Wat 'jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer'.[16]

Ons ervaar in die amptelike opleiding van bedienaars van die Woord sowel onder die ou as die nuwe verbond die liefdevolle sorg van ons hemelse Vader vir sy kinders. Hy gee in alle tye manne wat sy Woord suiwer verkondig. Hy gee ook kerklike ampsdraers wat hulle oplei, tot instandhouding van die geloof, tot opbou en uitbreiding van sy kerk. Die Here bly sorg dra vir die geestelike voeding van sy volk.

Hy doen dit egter nie sonder om sy kerk daarby in te skakel nie. Sy volk moet die verantwoordelikheid vir opleiding ten volle aanvaar. Die Here roep sy kerk om die verkondiging van die evangelie toe te vertrou aan manne wat bekwaam sal wees om ook ander, van geslag tot geslag, te leer. Die amp van doktor of professor aan die Teologiese Skool in artikel 2 van die kerkorde berus op die Bybel. Opleiding deur die kerke is 'n uit en uit skriftuurlike beginsel.

## 'n Ononderhandelbare beginsel

Opleiding deur die kerke ... Omtrent vyftig jaar na die afskeiding ontbrand daar in Nederland stryd oor die hierdie beginsel wat op die Skrif gegrond is. In die jaar 1880 word die Vrye Universiteit (VU) in die lewe geroep. Dr Abraham Kuyper lewer sy bekende openingsrede onder die titel 'Soewereiniteit in eie kring'. Hy verdeel die samelewing in 'kringe' en beweer dat elke kring sy eie soewereiniteit het. Die kerk is volgens hom nie geroep om wetenskap te bedryf nie, maar moet beoefening van wetenskap aan die universiteit oorlaat. Op grond van 'soewereiniteit in eie kring' ontstaan die teologiese fakulteit van die VU (Amsterdam).

Ses jaar later volg die doleansie, die tweede vrymaking van die Nederlandse Hervormde Kerk. Dr Kuyper neem in die kring van die dolerende kerke 'n vooraanstaande posisie in. Een van die geskille tussen die afgeskeie en dolerende kerke gaan derhalwe oor die opleiding van predikante. Die vraag is: Mag opleiding deur die kerke plek maak vir opleiding aan 'n universteit? Altwee kerkgroepe kom oor hulle verskille in afsonderlike sinodes byeen. Die afgeskeie broeders oordeel in hulle Sinode van Leeuwarden oor die opleiding van dominees: Opleiding behoort aan 'n eie kerklike inrigting te geskied.[17]

Die dolerende broeders reageer hierop in hulle Sinode van den Haag. Hulle spreek uit dat die verenigde kerke oor hierdie saak en die reëling daarvan – indien nodig – sal moet oordeel.[18] Die Haagse Sinode maak dus die saak van 'opleiding deur die kerke' onderhandelbaar. Daarmee neem die afgeskeie broeders

---

2 Lev 10:11; Deut 33:10; vgl. Mal 2:6-7.

3 1 Sam 2:11.

4 Esra 7:6, 11. Esra gee leiding aan 'n groep Skrifgeleerdes: sien Neh 8:5-10.

5 1 Sam 19:20.

6 1 Sam 3:1.

7 Sien onder meer 1 Kon 20:35; 2 Kon 2:12; 6:1-3.

8 2 Kon 2:3.

9 2 Kon 2:5.

10 2 Kon 4:38.

11 Jes 8:16.

12 Am 7:14.

13 1 Pet 5:13.

14 1 Tim 1:2; 2 Tim 1:2, 13-14; 2:1.

15 Tit 1:3.

16 2 Tim 2:2.

17 Die Sinode van Leeuwarden besluit: 'En eindelijk wat de opleiding tot het leeraarsambt betreft, oordeelt de Synode te moeten handhaven het beginsel, dat de Kerk geroepen is, eene eigene inrichting tot opleiding harer leeraren te hebben, ten minste wat de godgeleerde vorming betreft.'

18 Die Sinode van Den Haag besluit (punt 4) 'niet, om tegen te spreken, dat de *vereenigde* kerken over deze zaak en hare regeling later, indien nodig, hebben te oordeelen'.

geen genoeë nie. Opleiding deur die kerke is vir hulle 'n beginselsaak. Hulle is nie bereid om ooit daaroor te onderhandel nie. Die verenigde kerke mag wel oor die reëling van die kerklike opleiding handel, maar nie oor die saak, die kerklike opleiding self nie. Die Sinode van den Haag aanvaar die beginsel van kerklike opleiding, waaraan die afgeskeie broeders vashou.[19] Die afgeskeie en dolerende kerke lê die bestaansreg van die kerklike opleiding in hulle beding van 1892 vas. Die beginsel van opleiding deur die kerke bly ononderhandelbaar.

Tien jaar later kom die Gereformeerde Kerke van Nederland in die Sinode van Arnhem byeen. Hierdie ramp-sinode besluit – in volstrekte teenspraak met die beding van 1892 – dat die Kamper skool met die teologiese fakulteit van die VU verenig sal word. Dan word die eenheid van die verenigde kerke bedreig. Die afgeskeie broeders is nie bereid om hulle ononderhandelbare beginsel prys te gee nie. Om skeuring te voorkom besluit dieselfde Sinode om nie die besluit van vereniging van skool en fakulteit uit te voer nie.[20]

Opleiding deur die kerke is en bly 'n ononderhandelbare beginsel vir meerdere kerkgroepe wat uit die afskeiding van 1834 voortgekom het. Tot vandag het onder meer die Vrygemaakte en Christelike Gereformeerde Kerke in Nederland 'n skool van die kerke (Kampen en Apeldoorn). Dit is opleidingsinstitute waaroor die kerke alleenseggenskap het, skole sonder enige staatsubsidie.

## Opleiding deur die kerke

Maak dit in die praktyk enige verskil of ons predikante kerklik of universitêr opgelei word? Is die vraag wie vir die opleiding verantwoordelik is, slegs 'n formele kwessie? Kom laat ons die verskil nader in voëlvlug bekyk.

Professore aan die Teologiese Skool staan in diens van die kerke. Hulle word tot die amp van doktor *beroep* en daarin kerklik *bevestig*. Teologiese hoogleraars aan universiteite staan nie in diens van die kerke nie. Hulle word nie kerklik beroep en in 'n amp bevestig nie. Die raad van die universiteit *benoem* hulle. 'n Predikant wat die benoeming aan 'n universiteit opvolg, verlaat sy diens in die kerk, vul 'n pos in 'n universiteit en gaan wesenlik tot 'n ander staat van lewe oor.[21] Professore aan die Teologiese Skool beklee 'n *kerklike amp* met alle konsekwensies wat daaraan verbonde is. Teologiese professore aan universiteite vul in hulle hoedanigheid as hoogleraar 'n *wetenskaplike pos*.

Hierdie verskil in *posisie* vind direkte weerklank in hulle *werk*. Kerklike professore, deur die kerke beroep en bevestig, word geroep 'om bedienaars van die Woord op te lei, die Heilige Skrif uit te lê en die suiwere leer teen die ketterye en dwalinge te verdedig'.[22] Deur die kerke geroep, werk hulle *vir die kerke*. Hoogleraars aan universiteite word benoem om wetenskap te beoefen. Hulle arbeid is *suiwer wetenskaplik* gerig. Professore aan die skool van die kerke beoefen ook wetenskap, maar steeds ten behoewe van die opleiding en van al die kerke. Hierdie kerklike doelstelling ontbreek aan universiteite.

Verder is daar 'n prinsipiële verskil in die *toesig* oor die dosente. Professore aan die skool staan as kerklike ampsdraers onder toesig van die kerke. Die kerke benoem kuratore om noukeurig toesig oor die onderrig te hou. Dosente aan universiteite staan onder toesig van die senaat en die raad van die universiteit. Direkte kerklike toesig ontbreek. Dwaling kan makliker in universiteite insluip as in kerke wat hulle 'wagdiens' trou verrig.

Laastens is daar 'n prinsipiële verskil in die *besoldiging* van die professore. Die kerke sorg vir die lewensonderhoud van hulle ampsdraers.[23] Kerklike ampsdraers ontvang *'n traktement*, ook tydens hulle emeritaat.[24] Die kerke aanvaar geen staatsubsidie nie. So besluit reeds die Sinode van Burgersdorp in 1869. Hulle weer enige inmenging van die owerheid af ten einde die absolute alleenseggenskap oor die opleiding te behou. Dosente aan universiteite ontvang *salarisse* wat hulle verdien. Hierdie salarisse word geheel of grotendeels deur die owerheid gesubsidieer.

Kort saamgevat, word 'doktore' deur die kerke beroep en in hulle amp bevestig. Hulle arbei vir die kerke, staan onder toesig van die kerke en ontvang traktemente van die kerke. Teologiese professore aan universiteite word in hulle poste benoem. Hulle werk vir 'n wetenskaplike instelling, staan onder toesig daarvan en ontvang 'n salaris van die universiteit, as reël deur die owerheid gesubsidieer.

Opleiding deur en vir die kerke – Word hierdie beginsel in die GKSA onverswak gehandhaaf?

## Kerke en universiteit sluit 'n ooreenkoms

Die kerke besluit in hulle sinode van 1970 om 'n ooreenkoms met die PU vir CHO aan te gaan. Skool en universiteit erken en handhaaf wedersyds elkeen se selfstandigheid. Elke teologiese professor dra 'n kerklike amp en vul 'n pos aan die universiteit. Hulle opdragte is: Lei in diens van die kerke predikante op. Doen dit in die Teologiese Skool. Gee bowendien universitêre onderrig; doseer vir die verwerf van teologiese grade en bied die vak Bybelkunde in die Fakulteit Teologie aan.

Die kerke bepaal (in oorleg met die universiteit) die getal benodigde professore vir die arbeid in die skool en in die universitêre fakulteit. Hulle *beroep* en bevestig die professore. Die universiteit *benoem* die kerklik beroepe professore as dosente en stel hulle aan. Hulle kan benewens hierdie professore ander personeel in die fakulteit benoem en aanstel. Die kerke het die reg om een van sy ampsdraers te skors en te ontslaan. Die universiteit sal die kerke volg.

Die universiteit betaal die volle *salaris* en byvoordele van sy dosente. Die kerke dra een derde gedeelte daarvan by.[25] Die derde gedeelte word naderhand verhoog tot vyftig persent.

In hierdie ooreenkoms tussen die kerke en die universiteit word die skool en die fakulteit nagenoeg onafskeibaar verbind. Die kerke maak seker dat hulle seggenskap hou: Hulle beroep, hulle skors, hulle ontslaan. Die universiteit moet die kerke volg. Daar word ooreengekom: Altwee behou hulle selfstandigheid. Die vraag is: Kan elkeen in die hegte verbinding met die ander een sy selfstandigheid behou? Wie gee in hierdie 'verbond' sy beginsel prys?

## Die Fakulteit sluk die skool stil-stil in

Kom ons kyk agtereenvolgens na die *posisie* van die skool en

19 Sien vir bogenoemde aanhalings (note 17-18) en meer besonderhede oor die beding oor die opleiding H Bouma. *De vereniging van 1892*. Groningen: Vuurbaak, 1967, p. 132-134.

20 Die broeders van die Wachterbond in Nederland (hul mondstuk is *De Wachter*) bly voortdurend stry vir die behoud van die Teologiese Skool, asook vir die promosie-reg (nagraadse studie) wat aan die skool verleen behoort te word. 'n Besonder insiggewende publikasie uit hulle kring is die boek van G Doekes. *Het kerkelijk doctorenambt*. Kampen: Kok, 1917.

21 Sien kerkorde, art. 12.

22 Kerkorde, art. 18.

23 Kerkorde, art. 11.

24 Kerkorde, art. 13.

25 Sien *Handelinge* van Sinode 1970, art. 145, p. 384vv. Sien ook die 'kerkordeboekie', p. 59-61.

van die professore, na hulle *werksaamhede*, na die *toesig* oor hulle en na hulle *besoldiging*.

### *Posisies van skool en professore*

Die skool word in hierdie ooreenkoms van sy *gereformeerd-wetenskaplike karakter* beroof. Slegs die universiteit ontvang die reg om teologiese grade toe te ken. Die skool is dus ook nie geregtig om nagraadse studente te begelei vir die verwerwing van magisters- en doktorsgrade nie. Voortgaande studie wat ook wetenskaplik eerstens op die kerk en haar welsyn gerig is, bly in die slag.

Die professore beklee na die ooreenkoms *twee posisies*. Hulle staan deels in diens van die kerke, deels in diens van die universiteit. Hulle dra enersyds 'n kerklike amp en vul andersyds, nie kerklik en nie amptelik nie, 'n wetenskaplike pos aan die universiteit. Die enkelvoudige beginsel 'opleiding deur en vir die kerke' word vervang deur 'n tweevoudige beginsel: 'opleiding deur kerke *en* universiteit vir kerke *en* die voortgang van die teologiese wetenskap'. Wie gaan skade ly, die kerke of die universiteit?

### *Die werk van professore*

Die skool is reeds in verskeie skole onderverdeel, waaronder die skool van Bybel- en die skool van kerkwetenskappe. Elke skool het sy eie direkteur. Die Teologiese Skool kry die aansien van die fakulteit met sy verskeie skole en hiërargiese bestuurstruktuur. Die kerkorde waarsku ons: Geen bedienaar van die Woord (ook nie afgesonderde predikante vir die opleiding) mag oor ander bedienaars van die Woord enige heerskappy voer nie.[26] Ook hierdie bepaling is op 'n skriftuurlike beginsel gegrond: 'Maar julle, laat jul nie Rabbi noem nie, want een is julle leermeester: Christus, en julle is almal broeders.'[27]

Kritiek op werk van sommige dosente het al voorheen in *Waarheid en dwaling* ter sprake gekom. Daarom word hier kortliks na kommerwekkende sake verwys. Gereformeerdes werk saam met Bybelkritiese teoloë by die totstandkoming van werke soos *Die Bybel in praktyk* en *Die Bybellennium*. As kerklike ampsdraers word hulle geroep 'om die suiwere leer teen die ketterye en dwalinge te verdedig'.[28] As dosente aan die universiteit word hulle nie verhinder om met dwaalleraars saam te werk en tekste van die Skrif met die oog op hedendaagse situasies te verdraai of 'n duidelike voorskrif in die Bybel in sy teendeel te verander nie.

Die fakulteit organiseer 'n werkwinkel oor die posisie van die vrou. Van ons voorgangers kritiseer openlik kerklike uitsprake sonder om enige kerklike beswaar teen die uitsprake in te dien. So 'n byeenkoms getuig nie van opleiding deur en vir die kerke nie, maar van opleiding deur die fakulteit (met insluiting van die skool) teenoor die kerke.

Verstaan goed: Hier word nie alle professore oor een kam geskeer nie. Hier word wel op 'n verontrustende tendens gewys. Daar is voorts tydens die diskussie op 13 Oktober vermeld dat professore omtrent 25 persent van hulle tyd aan opleiding kan bestee. Wat van die ononderhandelbare beginsel: opleiding deur en vir die kerke, en uiteraard in gebondenheid aan die leer van die kerke?[29]

### *Die kerklike toesig*

Die *kerklike toesig* oor die professore word deur die kerke aan kuratore opgedra. Die breë kuratorium wat bestaan uit deputate van die laaste sinode, het die bevoegdheid om professore te beroep, te skors en te ontslaan. Hulle word na my oortuiging te swaar belas. Kerke behoort nie aan deputate die eie take van 'n kerklike vergadering op te dra nie.

'n Ander kwessie is die werklike toesig van kuratore oor leer en wandel van die professore. *Die Bybel in praktyk* verskyn. Jare later word die *Bybellennium* gepubliseer. Die genoemde werkwinkel op Potchefstroom word gehou. Die kuratore maak geen kerklike alarm nie. Dis alarmerend.

Die universiteit skep in die transformasieproses twee teologiese kapasiteitbou-poste. Kuratore keur die benoeming goed. Is die kerke nog vry om in die geval van 'n vakature selfstandig kandidate te oorweeg en as professore te beroep?

### *Die besoldiging van professore*

Die professore ontvang deels 'n traktement van die kerke, deels 'n salaris van die universiteit. In werklikheid ontvang hulle 'n salaris. Die kerke dra 'n persentasie daarvan by. Dit spreek vanself dat die instansie wat geld verskaf, seggenskap wil hê. Die universiteit kry staatsubsidie.

Hier geld die reël: Wie se brood 'n mens eet, die se woord spreek hy. Die owerheid, geldskieter, stel steeds dringender eise aan die universiteit, met insluiting van die fakulteit en die skool wat sedert 1970 onafskeibaar aan die fakulteit verbind is. In die diskussie op 13 Oktober is ook meegedeel dat die kerke wel professore mag voorstel, maar dat die universiteit die voorgestelde kandidaat moet goedkeur vir verkryging van subsidie. Opleiding deur en vir die kerke verdwyn stil-stil. Dit word vervang met opleiding deur die fakulteit wat deur die owerheid met die beurs in die hand gedwing word om na sy pype te dans.

Die skool wat die kerke in 1869 op Burgersdorp gestig het, bestaan vandag nie meer nie. Geen staatsubsidie nie; opleiding deur en vir die kerke: Dit was die beginsel by die ontstaan, die begin van ons skool. Om die skool terug te kry moet ons terugkeer na die skriftuurlike beginsel waaraan die kerke in die begin vasgehou het.

## Wat moet ons doen?

Ons moet terugkeer na die Dordtse beginsel van opleiding deur en vir die kerke. Dié beginsel is op die Skrif gegrond. Dié beginsel het ons vadere in Nederland en Suid-Afrika gelei in die kerklike opleiding van hulle bedienaars van die Woord.

Dit gaan in die handhawing van hierdie beginsel oor die kerke van die volgende geslag. Die Here stel hoë eise aan die bediening van sy Woord. Dit is die middel waardeur die Heilige Gees ons geloof werk en versterk.[30] 'n Suiwer gereformeerde en wetenskaplike opleiding van ons toekomstige predikante is van die hoogste belang, vir die opbou in die geloof en die uitbreiding van die kerk.

Mag almal wat hierdie beginsel voorstaan, lidmate en kerkrade, krag van Bo ontvang om die opleiding deur en vir die kerke in ons kerklike vergaderings aanhangig te maak. Dit sal nie maklik wees om skool en fakulteit te skei nie. Volgens die ooreenkoms van 1970 tussen die kerke en die universiteit kan die ooreenkoms ten minste drie jaar na kennisgewing beëindig word. My voorlopige gedagte is: 'n Tussentydse reëling van oorgang na volledige aanvaarding van die Dordtse, Skrifgefundeerde beginsel: Verminder die getal professore deur vakante 'poste' wat ontstaan, nie weer te vul nie. Mag die skool weer voluit skool van die kerke word.

26 Kerkorde, artikel 84.
27 Matt 23:8, vgl. vers 10.
28 Kerkorde, art. 18.
29 Sien kerkorde, art. 53-55.
30 HK, antw. 65.

# Teologiese Skool Potchefstroom

## Kort oorsig van ontstaan en ontwikkeling

**Ds SD Snyman**, Heidelberg

1. Op 10 Februarie 1859 word die 'Vrye gereformeerde Kerk' van Rustenburg gestig onder leiding van ds Dirk Postma. Spoedig volg die stigting van meer kerke.
2. Op die Sinodes van 1862 en 1863 word die behoefte aan predikante en die noodsaak van teologiese opleiding behandel. Daar word besluit dat die twee predikante, dominees D Postma en J Beijer die opleiding van predikante privaat sal behartig.
3. In Mei 1869 word daar besluit om 'n eie Teologiese Skool te Burgersdorp op te rig. Daar was toe 14 gemeentes en 4 predikante in die kerkverband.
4. Op 26-29 November 1869 word die Teologiese Skool te Burgersdorp (TSB) geopen, met dominees Dirk Postma en Jan Lion-Cachet, die predikante van Burgersdorp, as deeltydse dosente. Daar word besluit dat die kursus moet ooreenstem met dié van die Christelike Afgeskeie Gereformeerde Kerke in Nederland.

Die kursus het uit die volgende bestaan:

- *Hollandse taal en styl.*
- *Latyn, Grieks en Hebreeus.*
- *Oorsig van die Algemene Geskiedenis. Geografie en Mitologie in soverre hulle vir die geskiedenis vereis word.*
- *Redekunde en 'Boven Natuurkunde'.*

- *Bybelse Geskiedenis met Bybelse Geografie en Joodse oudhede.*
- *Kerklike Geskiedenis.*
- *Die gronde van Bybelse uitlegkunde.*
- *Natuurlike Godgeleerdheid.*
- *Geopenbaarde Godgeleerdheid:*
  - *stellige*
  - *weerleggende, veral hedendaagse afdwalings daarvan*
  - *beoefenende*
- *Herderlike werk, veral predikkunde en kategetiek.*
- *Geskiedenis en inhoud van die Formuliere van Eenheid, liturgiese geskrifte en kerkregering.*

5. In 1876 word die Teologiese Skool Burgersdorp gelykelik aan al die Gereformeerde Kerke verbind. Tot hiertoe was dit aan die Gereformeerde Kerk Burgersdorp verbind met ondersteuning van die ander kerke.
6. Die Sinode van April 1904 te Middelburg Kaap besluit op voorstel van dr JD du Toit om die Teologiese Skool na Potchefstroom te verskuif. Die moontlike verskuiwing is al in 1894 en 1897 geopper, onder andere omdat Burgersdorp nie geskikte grond beskikbaar gehad het vir voldoende geboue nie. Die Tweede Vryheidsoorlog het die saak van verskuiwing egter vir eers op die lange baan geskuif. Die voorstel van Potchefstroom het 'n 3010 pond skenking asook die beskikbaarheid van 'n groot terrein, voldoende vir alle beplande geboue, ingehou. Ander plekke wat oorweeg is, was Middelburg Kaap en Steynsburg.
7. Op 13 Februarie 1905 open die Teologiese Skool te Potchefstroom (TSP).
8. In 1905 maak die Kuratorium die voorbereidende fase los van die Teologiese Skool.
9. Die getal professore het stelselmatig gegroei:
   - *1869–1876 Dominees D Postma en J Lion-Cachet deeltyds.*
   - *1876–1879 Ds D Postma (tydelik).*
   - *1879–1890 Ds D Postma.*
   - *1894–1911 Ds J Lion-Cachet.*
   - *1911–1949 (voltyds, en nog betrokke tot 1953) Dr JD du Toit (Totius).*
   - *1914-1920 as tweede professor Dr SO Los.*
   - *1921–1935 Ds JA du Plessis.*
   - *1924–1946 as derde professor Dr CJH de Wet.*
   - *1946 e.v. Drs WJ Snyman..*
   - *1946 e.v. as vierde professor Dr JP Jooste.*
   - *1949 e.v. Prof. PJS de Klerk (in die plek van Totius).*
   - *1952–1953 as vyfde professor Dr BJ de Klerk.*
   - *1953 e.v. Dr SP van der Walt (in die plek van BJ de Klerk).*
10. In 1956 begin die Gereformeerde Kerke 'n afsonderlike opleiding vir voornemende predikante uit die swart kerke te Dube.
11. In 1962 word hierdie opleiding na Hammanskraal toe verskuif.
12. Vanaf 1987 word daar vir hierdie opleiding akademiese erkenning deur die PU vir CHO gegee.
13. In 1994 besluit die sinode van die GKSA (Potchefstroom) dat die Teologiese opleiding te Hammanskraal en dié te Potchefstroom sal saamsmelt en in Potchefstroom sal plaasvind.

### Enkele opmerkings

1. Wat opval is die groot en volgehoue finansiële offers wat selfs in moeilike tye uit die geledere van die Gereformeerde Kerke vir die Teologiese Skool en die latere Universiteit gebring is.
2. Let op dat die teologiese opleiding van die begin af bedoel was as opleiding vir voornemende bedienaars van die Woord, en nie as die bestudering van teologie op sigself nie.
3. 'n Hoë wetenskaplike gehalte van opleiding was egter van die begin af ook deel van die ideaal. Ds Dirk Postma wou byvoorbeeld nie eintlik as professor dien nie, omdat hy hom nie voldoende wetenskaplik toegerus geag het vir hierdie taak nie.
4. Dat die opleiding suiwer en van streng Gereformeerde aard moes wees, was nooit in die gedrang nie.

### Bylaag – Kort oorsig van die ontstaan van die PU vir CHO

1. Die Sinode van die Gereformeerde Kerke van 1869 het besluit dat die oprigting van 'n Teologiese Skool gepaard moet gaan met die opleiding van voornemende onderwysers en selfs van studente wat 'sonder 'n bestemde doel studeer'.
2. In 1876 word daar besluit om 'n eie Literariese Departement daar te stel. Meneer (later het hy predikant geword) P Postma (met 'n B.A. graad) was die eerste voltydse dosent.
3. In 1904 het hierdie Literariese Departement natuurlik saam na Potchefstroom verskuif.
4. In 1904 word Ferdinand Postma as professor bevestig en begin al hoe meer assistente en dosente bykom.
5. Die eerste professor in Matesis en Fisika, APC Duvenage, is al in 1905 aangestel.
6. Die voorbereidende Fase (Graad 6-9) word in hierdie tyd 'n afsonderlike skool wat in 1907 open met 7 leerlinge. In

1915 neem die Transvaalse Provinsiale Administrasie hierdie skool oor as Potchefstroom Gimnasium.

7. Sedert 1913 is daar 'n worsteling om staatsubsidie en -erkenning van kwalifikasies te kry, sonder om die beginsel en die vryheid van die inrigting prys te gee.
8. As gevolg van die gewetensklousule van die Onderwyswet van 1916 is die Literariese Departement in 1919 van die Teologiese Skool Potchefstroom en van sy direkte kerklike verbintenis losgemaak om voortaan as die Potchefstroomse Universiteitskollege (PUK) te bestaan. Daar was wel vir die PUK 'n interimreëling, dat hulle staatsubsidie sou kry, en dat hulle dosente kon aanstel met die oog op die handhawing van die karakter van die PUK, maar sonder om kerkverband in ag te neem.
9. Die Raad van die PUK en die Kuratorium en die Gereformeerde Kerke (sien Sinode 1920) het met die saak van volledige vryheid sonder subsidie en erkenning, of beperkte vryheid met subsidie en erkenning geworstel.
10. In 1921 word die PUK deur die staat erken as 'n konstituerende kollege van Unisa en daarby geïnkorporeer.
11. In 1933 gee die staat wetlike erkenning aan die christelike karakter van die PUK.
12. In 1950 word die PUK wetlik erken as 'n volwaardige universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Die Privaatwet van die PU vir CHO het die volgende bepaal:
*'Die Raad* [van die PU] *moet by die benoeming van doserende, navorsende en administratiewe personeel sorg dra dat die Christelike karakter van die Universiteit gehandhaaf word: Met dien verstande dat geen denominasionele toets toegepas word nie as voorwaarde...'.*
(Dr. H.F. Verwoerd was die voorsteller van die PU-wet in die Senaat.]

## Enkele opmerkings

1. In 1869, toe besluit is dat ook ander as voornemende predikante opgelei sal word, is as voorwaarde gestel dat almal onderworpe sal wees aan die regulasies van die Skool.
2. In sy afskeidsrede in 1911 het prof J Lion-Cachet oor die besluit van 1869 gesê:
'Wij begonnen en groeven het fondament in de hoop, dat eenmaal op dat fondament een tempel der wetenschap verrijzen zou, waarvan de hoeksteen zou zijn: Gods heilig Woord.'
3. By die opening van die Teologiese Skool Potchefstroom in Februarie 1905 het die voorsitter van die Kuratorium, ds P Postma, gesê dat die gereformeerde beginsel nie net die teologie nie, maar die hele wetenskap moet beheers.
4. In die Gedenkboek van die Gereformeerde Kerke se 100-jarige bestaan, skryf prof. J Chris Coetzee die volgende:
'Die PU vir CHO moet... die wetenskap doseer, beoefen, uitbou, navors in die lig van die geopenbaarde waarheid, want alleen 'n wetenskap wat op die grondslag van Gods Woord en met die beginsels van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing gedoseer, beoefen, uitgebou en nagevors word, kan 'n Christelike wetenskap genoem word.'

# Die Teologiese Skool - vandag

**Ds HLJ Momberg**, Pretoria (Die Kandelaar)

**Ek het my opdrag verstaan as dat die vergadering van die nodige feitelike inligting voorsien moet word ten einde 'n ewewigtige begrip te kan vorm oor die status, die posisie, die werksaamhede, die bestuur en die verhoudinge van die Teologiese Skool Potchefstroom. Uiteraard sal ek dit nie kan ontkom dat u in die loop van die gesprek bo en behalwe die feite ook my bekommernisse oor die huidige situasie sal ontdek nie.**

Die bronne wat ek gebruik het, is hoofsaaklik die twee uitgebreide rapporte wat op ons vorige nasionale Sinode gedien het, te wete: Die Rapport van die Kuratore, Teologiese skool Potchefstroom, asook die Rapport Deputate Christelike onderwys (PU vir CHO), en dan het ek my tot enkele personeellede by die Teologiese Skool self, asook enkele kuratore gewend om sekere inligting te verkry. Verskeie artikels wat onder meer in *Die Kerkblad* en in ander tydskrifte verskyn het uit die pen van professore by die Teologiese Skool en van ons eie predikante is ook bekyk.

## Die verhouding tussen die kerke en die Teologiese Skool

Soos u reeds uit die toespraak van ds Snyman verneem het, strek die verhouding tussen 'die skooltjie' en die kerke reeds baie lank. Die skool gaan van die Gereformeerde Kerke uit. Daarmee word bedoel dat die Teologiese Skool deur die kerke bekostig word en in stand gehou word. Die Teologiese Skool staan ook onder die toesig van die kerke. Vir die doeleindes benoem elke partikuliere sinode 'n gelyke aantal broeders om as kuratorium op te tree. Die benoeming geld vir drie jaar. Elke drie jaar verkies die partikuliere sinodes hulle kuratore. Die nasionale sinodes bekragtig die benoemings. Tydens hierdie vergaderings konstitueer die nuut verkose kuratorium.

'n Redelik onlangse verwikkeling is dat met die sluiting van die Hammanskraalse Teologiese Skool die studente en die professore van die HTS by die TSP ingelyf is. Waar die HTS hoofsaaklik gemoeid was met die opleiding van predikante wat binne die ressorte van die sinodes Middellande en Soutpansberg die bediening gaan verrig het, het dit dan ook so gekom dat vanuit hierdie nasionale sinodes elk twee kuratore benoem word vir die Teologiese Skool.

Behalwe die kuratorium, word deur elke partikuliere sinode ook nog broeders bykomend benoem om saam met die kuratorium as 'n sogenaamde breë kuratorium of kieskollege op te tree wanneer daar broeders as professore beroep moet word.

Vanweë die ver afstande wat die broeders moet aflê, die tyd en koste wat dit verg, vergader die kuratorium normaalweg slegs twee keer jaarliks in 'n plenêre vergadering. Vir die doeleindes van dag tot dag bestuurstake funksioneer 'n soort dagbestuur van die kuratorium. In geval van dringende sake word die volle kuratorium saamgeroep.

Hierdie toedrag van sake laat by ons *vrae* ontstaan oor hoe dit vir die kuratorium moontlik is om effektief toesig en beheer oor die teologiese opleiding uit te oefen.

## Die verhouding tussen die Teologiese Skool en die Fakulteit

Die Teologiese Skool is 'n selfstandige inrigting naas die universiteit. Tog werk die Teologiese Skool kragtens 'n kontraktuele ooreenkoms ten nouste met die universiteit saam.

Dit hou in:

- Die dosente van die TSP is terselfdertyd ook dosente van die Fakulteit.
- Die dosente van die TSP word ook om die helfte deur die Fakulteit besoldig. (Hulle kry 'n traktement en 'n salaris - hulle is wesentlik tentmakerbedienaars?)
- Daar is egter bykomende personeel wat deur die Fakulteit aangestel word wat nie van die TSP is nie: Die Fakulteit benoem bepaalde persone om vakke soos Grieks, Semitiese tale en andere te doseer of help doseer. Daar is ook hulpdosente of buitengewone dosente (professore) deur die fakulteit aangestel wat sekere modules van die teologiese vakke aanbied.

Aangesien hierdie persone deur die Fakulteit aangestel is, staan hulle nie direk onder die toesig van die kuratorium nie, behalwe in soverre hulle werk in lyn moet wees en ondersteuning moet bied aan die predikantopleiding.

*Probleemareas*

- Met die geïntegreerde sesjaarkursus het die onderskeid tussen die propedeutiese (voorbereidende) studies en die teologiese studies vervaag. Gevolglik het die onderskeid van die werk van die dosente met betrekking tot voorbereidende opleiding en kandidaatopleiding ook vervaag. Kan dan nog werklik onderskei word tussen suiwer fakulteit-personeel en TSP-personeel?
- Grade word toegeken deur die universiteit, maar die kandidaatstudie wat gelyklopend is met die BTh, HonsBTh, Mdiv en MTh-grade (dit is nou die nuwe graad-benamings binne die sesjaarkursus), staan onder toesig van die kuratore en lei tot die toekenning van die kandidaatsertifikaat deur die kuratore. Studie wat nie op predikantopleiding gerig is nie, naamlik meestersgraad en doktorale studie, is suiwer fakulteitwerk en staan nie onder toesig van die kuratore nie. Dit blyk dus dat daar 'n spanningsituasie kan ontstaan tussen die doseerwerk met die oog op die kandidaatsertifikaat aan die een kant en die navorsingsprojekte en fokusareas vir navorsing wat suiwer fakulteitwerk is en waaroor die kuratore blykbaar nie toesig het nie.

## Die huidige organisasie van die verskillende skole en die fasiliteite, geboue, biblioteek ensovoorts

Terwyl die Teologiese Skool en die fakulteit ten nouste kontraktueel saamwerk, lyk dit asof die fakulteit primêr leiding gee in die organisasie en administrasie van die teologiese opleiding.

Tans is die fakulteit ingedeel in twee skole, die skool vir kerkwetenskappe en die skool vir Bybelwetenskappe.

By die Skool vir Bybelwetenskappe is al die Ou Testamentiese, Nuwe Testamentiese vakke asook Grieks en Semitiese tale ingedeel. Al die ander teologiese vakke is by die skool vir kerkwetenskappe ingedeel.

Elke skool beskik oor 'n skooldirekteur, en binne elke skool is daar vakhoofde (byvoorbeeld OT en NT).

Betreffende die fasiliteite:

Die Jan Lion Cachet Biblioteek is, saam met die res van die geboue, die eiendom van die kerke en dit word ook beheer en in stand gehou deur die eiendomkommissie van die TSP.

Tog is die bibliotekaresse in diens van die universiteit. Haar werk ressorteer ook onder die universiteit en die biblioteekstelsel skakel in by die PU se biblioteekstelsel. Sekere boeke (die meeste) in die biblioteek behoort aan die kerke, ander aan die universiteit.

Ook ander fasiliteite van die PU is tot beskikking van al die personeel van die TSP, byvoorbeeld die rekenaarnetwerk en die telefoonstelsel. Tot onlangs nog was daar 'n onderskeid tussen rekenaars wat die PU se eiendom is en rekenaars wat die TSP se eiendom is. Hierdie onderskeid het blykbaar nou verval.

*Probleemarea*

Selfs lesingroosters word beplan om deur die universiteit gekoördineer te word. Die geïntegreerde kursus word as motivering gestel vir hierdie aksie. Die gevolg is dat die TSP binne al die aktiwiteite van die Fakulteit al hoe minder as selfstandige inrigting herkenbaar is. In werklikheid begin die TSP al meer funksioneer as die Fakulteit Teologie.

## Die wyse waarop personeel deur die universiteit aangestel word, watter verskillende soorte personeel daar is en hoe hulle met die personeel van die Teologiese Skool saamwerk

Die universiteit stel personeel vir die Fakulteit Teologie aan soos vir enige ander fakulteit. Die normale proses word gevolg (advertensie, aansoeke, groslys, onderhoude, aanbevelings, besluite). Dit sluit doserende personeel vir Grieks (een voltyds, een deeltyds), Semitiese tale (een vakant, een deeltyds) en Bybelkunde in (hoewel Bybelkunde as vak blykbaar besig is om uit te faseer en verdeel te word binne die verskillende vakgroepe soos NT, OT ensovoorts). Nietemin, vir Bybelkunde is daar tans twee dosente vir OT en een vir NT, een vir pastoraal en een vir kerkgeskiedenis). Ook is daar administratiewe personeel wat deur die fakulteit aangestel word naas die administratiewe personeel van die TSP.

Aan die ander kant is die professore van die skool ampsdraers van die kerke. Hulle moet wettig beroep en bevestig word. Vir die doeleindes word die breë kuratorium opgeroep.

***Probleemarea ten opsigte van die samewerking***

Die bedoeling is dat die fakulteitpersoneel net vir die nie-kandidaatstudente soos Bybelkundestudente sal klas gee, maar tog wel Grieks en Semitiese tale vir kandidaatstudente sal aanbied. Die verstandhouding, soos beskrywe in die kontraktuele ooreenkoms, is dat die teologiese opleiding deur professore van die TSP aangebied sal word. Nou is dit egter 'n geïntegreerde kursus. Hoe hierby gehou word in die voorgraadse klasse vir die nuwe geïntegreerde kursus, moet nog gesien word. Daar het al gerugte die rondte gedoen dat dit nie nagekom word nie.

Dan is daar ook die kwessie van die kapasiteitbou-poste wat in die afgelope uitgawes van *Waarheid en Dwaling* aangespreek is, wat ook groot opslae veroorsaak. Die vraag is: Hoe bly die kerke vry in hulle roeping om gehoorsaam aan die Here broeders as professore te beroep al dan nie.

## Die wyse waarop leerareas en navorsingsterreine identifiseer word en watter invloed die staat hierop het, en watter invloed die universiteit hierop het

Die leerareas vir die kandidaatstudente staan onder toesig van die kuratorium. Tot ongeveer tien jaar gelede is die studiegidse aan die kuratorium voorgelê vir goedkeuring. Dit gebeur tans nie meer nie. Die senaat van die TSP en die fakulteitraad teologie werk saam in die opstelling van die leerplanne. Die oorhoofse beplanning word dan aan die kuratore vir goedkeuring voorgelê.

Op die oomblik is die personeel van die fakulteit ingeskakel by die SGB (Standard Generating Bodies) wat van owerheidsweë, met insette van al die akademici wat hieraan behoort, wil toesig hou oor die vakinhoude en standaarde van die onderskeie inrigtings in die land. Ook is daar van die verskillende universiteite se fakulteite 'n liggaam op die been gebring (FUTE, moontlike akroniem vir Faculty Union in Theological Education) om te probeer om proaktief, eenparig op te tree om staatsvereistes die hoof te bied.

***Probleemarea***

Dit is dus 'n werklikheid: Die staat stel eise ten opsigte van opleiding by alle universiteite en kolleges, juis omdat hierdie inrigtings staatsubsidie ontvang. Wat die akademiese kant betref, stel hulle eise in oorleg met die adviesliggaam (SGB) wat hulle aanstel. 'Wie se brood mens eet, die se woord mens spreek.'

## Wat is die werklike seggenskap wat die kuratorium oor die gang van sake betreffende die opleiding van kandidate het

Die kuratore se toesig het al vir 'n geruime tyd nie meer gegaan oor die inhoud *wat* aangebied word nie. Die beste manier waarop die kuratore tot hiertoe insae kon verkry oor die inhoud *wat* aangebied word, is by die mondelinge eksamens van finalejaar-studente waar die kurator bysit en hoor wat gevra word. Maar steeds is dit nie volle insae in die leerplan nie. Die kuratore is merendeels gemoeid met *of* die studente hulle eksamens (behoorlik) slaag. Hulle hou ook in beperkte sin toesig oor die studente se leer en lewe. Laasgenoemde word gedoen deur verslae te ontvang van die dosente en ook een persoonlike gesprek per jaar met elke student deur 'n kommissie van die kuratore. Verder kry die kuratore insae in studente se eksamenpreke.

***Probleemarea***

Is daar wel effektiewe toesig en beheer oor die gang van die teologiese opleiding vanuit die kerke vir die kerke?

## Verhouding met ander inrigtings

Ter wille van finansiële lewensvatbaarheid het die fakulteit al meer betrokke geraak by die oplei van nie-gereformeerde predikante by 'n aantal geakkrediteerde inrigtings (byvoorbeeld van Baptiste- en Metodiste-groepe in Suid-Afrika). Hoewel die klasse fisies deur daardie inrigtings se eie personeel aangebied word, is die personeel van die TSP gemoeid met hulle studiegidse en vraestelle.

***Probleemarea***

Professore is predikante wat deur die kerke beroep word om nuwe predikante op te lei. Hierdie opleiding geskied in samewerking met die universiteit. Tog hou die praktyk die gevaar in dat professore soveel met universiteitwerk (geakkrediteerde inrigtings, telomatiese leer ensovoorts) besig is dat hulle al hoe minder tyd oor het vir die opleiding van predikante vir die GKSA. Dit is ook wel so dat navorsing ondersteuning bied vir kandidaatopleiding en dat betrokkenheid by geakkrediteerde inrigtings 'n geleentheid mag bied om die gereformeerde leer uit te dra, maar die basiese opdrag om predikante vir die GKSA op te lei kan maklik op die agtergrond verdwyn. Daar is van die personeel van die TSP wat te midde van so baie verpligtinge maar sowat 25% van hulle werkstyd aan predikantopleiding kan bestee.

# Want ons is medewerkers van God...

**Ds ALA Buys**, Pietersburg-Noord

**Rigters 5:6; 3:31**

**In die dae van Samgar, die seun van Anat, in die dae van Jael, was die paaie verlate, en die reisigers het langs sypaaie gegaan ... Toe kom ná hom Samgar, die seun van Anat, wat van die Filistyne seshonderd man met 'n osdrywerstok verslaan het; en ook hy het Israel verlos.**

Die rigting van 'n teologiese skool word nie bepaal deur 'n kompas nie, maar deur die fondament. En die fondament is Jesus Christus;[1] dit bely ons gemeenskaplik. Maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou.[2] Ook ons wat vandag oor ons teologiese skool praat, want as iemand die tempel van God skend, sal God *my*[3] skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle.

Ons moet as medewerkers van God oor ons teologiese skool praat. Dit is 'n ontsagwekkende ver-ant*woord*-elikheid, wat seëning inhou by ge-*hoor*-saamheid. Ongehoorsaamheid in hierdie saak sou meebring dat ons bevind word om teen Christus op te tree. Gamaliël het lankal die skande en skade dáárvan besef. Medewerkers van God wat moet bou op die fondament Christus - ook 'n gesprek oor die teologiese skool moet aan hierdie hoë eis voldoen. Trouens, dit is ook waaraan die kerke, en die teologiese skool van die kerke, in die toekoms gemeet moet bly.

Christus is die Hoof van alle dinge, en as sodanig het God die Vader Hom aan die kerk gegee.[4] Dit behoort die grondslag te wees van alle teologiese opleiding. Tot sover behoort daar by vriend en vyand geen kapsie te kom nie. Dit is ons gemeenskaplike taal.

## Afhanklik van die staat

Maar vandag is nie noodwendig 'n dankdag oor die teologiese skool nie. Waarom nie? Omdat die mure op die fondament dreig om skeef gebou te word. Een so 'n muur is die muur van afhanklikheid. Het ons 'n afhanklike of onafhanklike teologiese skool. Dadelik, sonder huiwering moet ons stel: Ons het 'n afhanklike teologiese skool. Binne die mure word die afhanklikheid teenoor God bely. Met dank hoor ons dit.

Maar daar is 'n uitwas in daardie muur, 'n ongehoorsame aanbouing, 'n on-medewerkende vergroeisel. Hierdie onooglike aanbouing het 'n lang historiese aanloop, maar het onlangs eers in al sy aakligheid sigbaar begin word. Die uitwas in die muur is afhanklikheid - afhanklikheid van die staat, van die owerheidspersone se geld en se grille, van sy belastingtoegifte, maar ook sy ideologiese vergiftiging waarmee die kerke se teologiese skool belas word.

1 Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus (1 Kor 3:11).
2 1 Kor 3:10.
3 'hom': 1 Kor 3:17.
4 En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee (Ef 1:22).

Ons moet met skaamte erken dat ons die verbouing nou eers raaksien vir wat dit is, indringing van die staat in die kerk. Vroeër[5] het dit ons minder gepla, miskien geensins nie. Maar dit neem nie weg dat 'n kerk, wat in afhanklikheid voor God, Christus as fondament bely, en op Hom alleen wil bou, nie plek mag hê vir 'n gedeelde afhanklikheid teenoor die staatskas nie. Daardie verbouing op die afhanklikheidsmuur word al groter en groter sodat ons uiteindelik die gevaar gaan loop dat die hele muur - ons afhanklikheid teenoor God - heeltemal kan intuimel. En die tweede dwaling sal erger wees as die eerste.

## Rewolusie van bo

Die staat bedreig tans die kerke se teologiese skool se afhanklikheid van God. Ons beleef 'n eienaardige rewolusie wat verskil van ander rewolusies maar net so dodelik mee-doënloos sal eindig soos al die ander. Gewoonlik werk rewolusies van onder na bo, waar byvoorbeeld die diktator as slottoneel in sy stoel doodgeskiet word. Dit voltrek die rewolusie. Maar in Suid-Afrika het die rewolusie anders gewerk. Ons het 'n rewolusie van bo na onder. Die regeerstoel is eers beset, en nou word stelselmatig, van bo na onder, die rewolusie op alle vlakke van die samelewing deurgevoer. Daar is nie so baie bloed wat spat nie; dit gaan stadiger as ander rewolusies, maar ons mag geen illusie hê, dat hierdie staatlike rewolusie van bo na onder geen duim van ons samelewing onaangeroerd sal laat nie, en dit sluit per definisie die Puk en ons teologiese skool in.

Laat ons dus nie praat oor kompasse, oor vinnige voetwerk om verby die rotsagtige stroomversnellings te seil nie; laat ons nie 'n kompas volg wat twee afhanklikhede in albei hande vashou nie: naamlik om met staatsgeld gereformeerde teologie te probeer finansier nie. Die magtige sterk magneetveld van die onderste-bo rewolusie gaan daardie kompas so deurmekaar krap dat daar geen ware noord meer sal wys nie. Dit is vermorsing van tyd, kosbare tyd, en dus baie gevaarlik. Is die kompashand medewerking met God? Is dit wat God nou van ons verwag? Is dit ware wysheid?

## Afhanklik van die Here

Ons glo tog in die reformasie van Bo. Met 'n hoofletter, en dus in die reformasie van onder. My raad aan die kerke is om die afhanklikheidsmuur onafhanklik van die staat te bou. Mag God die Vader my vergewe as dit raad van Agitofel is. Om die afhanklikheidsmuur afhanklik van God alleen te hou is die volgende nodig:

* Ten eerste moet die Puk se teologiese fakulteit duideliker onderskei, en selfs miskien geskei word van die teologiese skool. Die teologiese skool behoort suiwer 'n seminarium te wees. 'n Seminarium wat net bedienaars van die Woord uit die kerke vir die kerke oplei.

* Tweedens behels dit logies dat die kerke vanweë ons verbonds-verband met mekaar ons traktering teenoor ons teologiese professore ten volle moet nakom. Dit is medewerking met Christus, want Hy laat die osse[6] wat die graan uittrap, nie muilband nie. Die teologiese professore as bedienaars van die Woord het reg[7] om deel aan ons besittings te kry. Christus self het hulle daardie reg gegee. Gaan ons Hom hierin opponeer vanweë ons slaafse afhanklikheid aan die staat? Want as die bedienaars van die Woord in die gemeentes nie van die staat salarisse, en dus geen opdragte, ontvang nie, waarom moet die helfte van die traktement van die professore uit die staatskas kom, via subsidies vir universiteite? Stel ons nie ons broeders professore bloot aan verleidelike afhanklikheid nie? Afhanklikheid van die staat, wat sukkel om te balanseer met die afhanklikheidsmuur op die fondament Christus.

* Derdens moet ons hou by die reël dat geen mens regter in sy eie saak mag wees nie. Dit behels dat as hierdie raad opgevolg word, dit vanuit die staanspoor op die kerklike weg behoort hanteer te word. Geen pratery agter die hand, geen geheime geknip met die oog, geen binnekamer-besluitjies nie. Dit is glad nie medewerking met Christus nie. Laat die kerke saam self sê hoe ons mederwerkers van God in hierdie saak gaan wees, al moet ons selfs 'n spesiale nasionale sinode hiervoor oproep. Die nood is hoog genoeg om so 'n stap te regverdig.

* Vierdens behoort daar in die interim-tyd baie meer van die kuratore gehoor te word. Dit sou verdienstelik wees as die betrokke kuratore staande opgeroep word deur alle partikuliere sinodes, sodat die kerke hulle vinniger, en bepaald deegliker, kan vergewis van die toesighouding oor die professore en die teologiese studente.

Dit is my raad. Dit is my biddende poging om saam met Christus te bou en saam met Hom af te breek. Want vir albei is daar 'n bepaalde tyd. Laat ons nie oogklappe aanhê nie - hierdie is geen ligtelike saak nie. Indien hierdie pad nie gevolg word nie, sien ek geen ander pad nie as dat ons die staat al swaarder en kwater in die gereformeerde teologie en uiteindelik ook in die gereformeerde kerk en kerkleer sal laat inmeng, tot ons uiteindelike ondergang.

In die dae van Samgar, die seun van Anat, in die dae van Jael, was die paaie verlate, en die reisigers het langs sypaaie gegaan. Toe kom .... Samgar, die seun van Anat, wat van die Filistyne seshonderd man met 'n osdrywerstok verslaan het; en ook hy het Israel verlos. Die tyd van die rigters bestaan nie meer nie. Maar die verlossing van Israel het ook weer die hoofpaaie oopgemaak. Christus wil sy kerk nie wurgend langs sypaaie, langs ompaaie sien gaan, vanweë die verdrukkende Fillistyn nie. 'n Osdrywerstok slaan die Fillistyn uit die pad, nie net uit die pad van Isarel nie, maar uit die pad na Golgota.

Die paaie moet oop, die kerk moet hoofstroom word. Hoe wil ons die hele samelewing reformeer as[8] ons nie eers die kerk en die kerk se skool gereformeerd kan hou nie; as ons valse afhanklikheid ons teologiese skool op die sypad plaas. Ons leef tog lankal na Golgota. Hoe kan ons onsself nou weer verslaaf in ongehoorsame afhanklikheid aan die staat? Dit is 'n ompad, 'n sypad, 'n verlate pad. Christus is op 'n ander pad. Die Hoof (se) pad. Die pad van verlossing, die pad van vryspraak, die pad van vryheid, die pad waar Hy as Hoof bo alle dinge, sy kerk regeer.

Jesus Christus verwag dat ons vrye medewerkers sal wees op *sy* pad, nie verknegte meelopers op 'n *sypad* nie.

---

5 Dalk deels as gevolg van die apartheidsbagasie wat ongesiens deel was van die ideologiese mondering, en deels as gevolg daarvan dat ons gereformeerdes nog nie verstaan wat offers beteken nie, en daarom onsself so gewilliglik afhanklik maak van staatsgeld.

6 Jy mag 'n os nie muilband as hy graan dors nie (Deut 25:4).

7 As ons vir julle die geestelike gesaai het, is dit 'n groot saak as ons julle stoflike goed maai? As ander deel het aan die reg op julle *diens*, het ons nie nog meer nie? (1 Kor 9:11-12).

8 Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou; en hy wat onregverdig is in die minste, is ook in die grote onregverdig (Luk 16:10).

# Forum-bespreking

**Dr AH van den Bout**, Pretoria
Voorsitter van Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel

**Hoewel daar na elke referaat van elkeen van die sprekers 'n bespreking gehou is, is daar aan die einde van die vergadering 'n forum-bespreking gehou waar al die belangrikste punte bymekaar gebring is.**

Voordat die forum-bespreking begin het, het prof. JH van Wyk, wat ook by die vergadering aanwesig was en al die referate gehoor het, sy waardering uitgespreek oor die manier waarop die onderwerp gehanteer is. Prof. Van Wyk was beïndruk met die wyse waarop dit gedoen is, asook die vlak waarop die bespreking plaasgevind het.

Hy het benadruk dat ons ons vertroue op die Here moet stel in verband met die werk waarvoor Hy sy diensknegte gebruik. Hy het spesifiek verwys na die werk van Augustinus wat geen spesifiek teologiese opleiding gehad het nie en ook geen onderrig in die Hebreeuse taal, asook bitter min kennis van die Griekse taal en hoe die Here hom tog gebruik het om sy evangelie te versprei, met name in Noord-Afrika.

Prof. Van Wyk het die bespreking as ter sake en relevant beskou en het ook gevoel dat besinning op die situasie van die Teologiese Skool en die universiteit soos dit nou in Potchefstroom funksioneer, belangrik is. Hy is die mening toegedaan dat daar drie modelle bestaan vir wat betref die funksionering van 'n teologiese skool. Die eerste model is die van 'n universiteit-model waarby die fakulteit teologie die volledige opleiding hanteer. Die tweede model is die van 'n teologiese skool wat volledig onafhanklik staan van 'n teologiese fakulteit van 'n universiteit en die derde model is die integrasie-model soos dit in hierdie stadium by die Universiteit van Potchefstroom funksioneer. Na hierdie mededeling het prof. Van Wyk die vergadering verlaat.

In die forumbespreking daarna het dit egter duidelik na vore gekom dat daar in feite twee modelle onderskei moet word, naamlik die fakulteitmodel asook die onafhanklike teologiese skool-model. Die vergadering was unaniem van mening dat die geïntegreerde model soos dit op Potchefstroom in hierdie stadium funksioneer, sodanige probleme veroorsaak dat dit nie 'n werkbare oplossing is en dat die onafhanklike teologiese skool-model veral op grond van ons gereformeerde beginsel die enigste aanvaarbare model is waarvan 'n mens kan uitgaan. Die mening is gelug dat die integrasie van die universiteit met die Teologiese Skool toegeneem het soos die van 'n Siamese tweeling, waarvan 'n mens moeilik kan onderskei watter deel by watter onderdeel pas.

Die mening is uitgespreek dat die situasie, indien dit verder sou gaan, moeiliker en moeiliker sal word om te skei, soos by 'n Siamese tweeling, en dat 'n mens eerder so gou as moontlik moet kyk hoe die vergroeisels in mekaar verstrengel is en hoe dit moontlik is om die twee van mekaar te skei. In die vergadering is daar 'n oproep gemaak dat die kerklike weg in hierdie opsig bewandel moet word.

Die vergadering was unaniem van mening dat dit inderdaad die aangewese weg is. Die probleem van die Teologiese Skool behoort 'n agendapunt vir bespreking en besluitneming op elke kerkraad se tafel te wees en die kerkrade behoort dan die kuratore te nader, eventueel selfs besprekings met die kuratore te voer en die behoud van die skool in meerdere vergaderings aanhangig te maak. Vrae soos die beginsel (sien kerkorde) en die onaanvaarbaarheid van die probleme, wat nou ontwikkel het met die opgelegde dwang van bo van die Minister van Onderwys, behoort gestel te word.

Daar is selfs genoem dat sodra hierdie kerklike pad bewandel word en dit deur verskeie kerkrade met die kuratore bespreek is, daar selfs, op versoek van die kerke, 'n spesiale sinode bymekaar geroep kan word om oor hierdie sake te besluit. Die vergadering was verder unaniem van mening dat die opgelegde dwang wat die Minister van Onderwys nou kan uitoefen, deurdat hy 'n deel van die salarisse van die Teologiese Skool se personeel betaal, sodanig sal vergroot dat daar op die ou end geen tyd meer sal wees vir opleiding van predikante en dat die hele sosialistiese stelsel tot op die laagste vlak deurgedruk sal word.

Die vraagstuk van die akademiese standaarde wat 'n universiteit-fakulteit aan 'n teologiese skool stel, is bevraagteken. Hierby word gewys op die Nederlandse situasie met die kerkreformasie in die jare 1944 en daarna, dat die verbintenis met die Vrye Universiteit opgegee is deur slegs die Teologiese Skool in Kampen te behou. Die skool het na die vrymaking promosiereg gekry, dit is die reg om akademiese grade toe te ken. Ook nagraads doen so 'n teologiese skool die werk waarvoor hy in die lewe geroep is, naamlik die opleiding en verdere bekwaam maak van predikante. Per slot van rekening soek die kerke eerder predikante sonder titels as titels sonder predikante.

Daar is verder benadruk dat die universiteit ook die professore van die Teologiese Skool dwing deurdat hulle aan die fakulteit verbonde is om wetenskaplike publikasies te produseer. Hierdie publikasies is dikwels genoodsaak om nuut en oorspronklik te wees. Wat dit betref, plaas dit 'n enorme las op die professore van die teologiese skool om daaraan te voldoen, aangesien die standaarde van die wetenskaplike joernale hoog is en dit aansienlik tyd kos om 'n ordentlike artikel voor te berei.

Daar is verder deur die vergadering voorgestel dat, behalwe die kerklike weg wat elke gemeente afsonderlik behoort te bewandel, die bestuur van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel gevra moet word om 'n afvaardiging te stuur om met die kuratore en professore van die Teologiese Skool in gesprek te tree om die situasie, die probleem wat die integrasie-model nou vir die professore van die Teologiese Skool veroorsaak, te bespreek.

Algemeen was die gevoel dat die situasie soos dit vanaf 1970 ontwikkel het, waarby die owerheid 'n deel van die salarisse betaal, 'n situasie is wat nie met ons kerkorde ooreenkom nie. Die kerkvolk word derhalwe nie meer geleer om te offer nie en het in 'n mate onbetrokke geraak by die werk van die Teologiese Skool. Algehele kerkreformasie waarby die suiwere prediking van die woord sentraal staan, is dan ook 'n noodsaaklike gegewe om die kerkvolk weer bewus te maak van sy pligte, asook van die noodsaak om 'n suiwere en eie gereformeerde teologiese skool te hê.

Vanweë die kompleksiteit van die saak, asook die feit dat die saak op die regte manier hanteer moet word, naamlik in die kerklike weg, is daar gemaan om geduldig te wees en om vol te hou om op die wantoestande te wys wat nou as gevolg van die integrasie-model ontstaan het. Dat professore van die Teologiese Skool tot so min as 25% van hulle tyd spandeer aan die opleiding van predikante is as 'n skokkende feit ervaar en die vrees is uitgespreek dat dit in die toekoms selfs minder kan

word as gevolg van toenemende druk om met ander werksaamhede besig te wees as waarvoor hulle deur die kerke beroep is.

Ten slotte kan nog gemeld word dat die gees van die vergadering positief was en dat dit as seënryk ervaar is dat hierdie tipe bespreking gehou kon word. Predikante en gemeentelede het van ver af gekom om hierdie vergadering by te woon en die deelnemers aan hierdie vergadering het die gasvryheid van die Gereformeerde Kerk Oos-Moot onder leiding van Ds Faan Smit terdeë geniet. Die tee en koffietafel met koek was deur die susters van die gemeente pragtig voorberei en is opreg waardeer. Die wens is uitgespreek dat elke predikant van die Gereformeerde Kerke in die vervolg *Waarheid en dwaling* vanuit 'n positiewe persepsie sal lees en dat die wanpersepsie van negatiwiteit wat ontstaan het, deur 'n vergadering soos hierdie geheel en al sal verdwyn.

---

**PERSSKOU**

**Ds GJ Meijer**, Wonderboompoort

# Aardverskuiwing in Kampen*

In Kampen (Nederland) – waar die Teologiese Universiteit van die Gereformeerde Kerke gesetel is – het 'n aardverskuiwing plaasgevind. So skryf prof. J. Kamphuis in die Julie/Augustus 1999-uitgawe van *Nader Bekeken*.

Met die aardverskuiwing word bedoel dat die Teologiese Universiteit van Kampen omvorm word vanaf 'n skool waar predikante opgelei word tot 'n 'kennissentrum'. Prof. Kamphuis stel enkele kritiese vrae: Waar kom die aardverskuiwing vandaan? Het die kerke daarvoor gevra? Wat is die aard en die omvang van die verskuiwing?

Op die eerste twee vrae gee Kamphuis soos volg antwoord: *Die kerke, wat die Teologiese Skool moet onderhou (vergelyk Artikel 19 Kerkorde), het nie vir hierdie aardverskuiwing gevra nie. Die sinode het geen opdrag daarvoor gegee nie. 'n Mandaat het ontbreek. Tydens geen sinode is daar gepraat oor die noodsaak om die struktuur van die Teologiese Universiteit te verander nie.*

*Wat behels die aardverskuiwing? Wat is die aard daarvan?*

*As ons aan 'Kampen' dink, dan is dit die skool waar opleiding vir die diens van die Woord plaasvind. ...Ooreenkomstig 2 Tim. 2:2 ('vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer') lei die een bedienaar van die Woord die ander een op. Die Woordbediening moet voortgaan in hierdie wêreld, van geslag tot geslag. So is dit ook in Artikel 18 van die Kerkorde verwoord: 'Die dienspligte van die professore aan die Teologiese Skool is om bedienaars van die Woord op te lei ...'. Hiermee word die professore nie verhinder om enkele kursusse aan nie-teoloë aan te bied nie, byvoorbeeld wanneer 'n juris wil kennis opdoen van die beoefening van die gereformeerde kerkreg. Maar dit is iets anders as wat in Kampen voorgestel word: 'Leergange vir nie-teoloë'. Dáár het die kerke geen roeping voor ontvang nie.*

*Hier sien 'n mens die oorgang vanaf 'n Teologiese Skool vir die opleiding van Woordbedienaars na 'n "kennissentrum". Dit gaan Kampen uit sy voeë ruk. Dit sal die Skool prinsipieel van karakter laat verander, en ook die kerkvolk van die Skool vervreem.*

Oor die omvang van die verskuiwing skryf prof. Kamphuis soos volg:

*Waar die kuratore namens die kerke voortdurend toesig hou oor die wel en wee van Kampen, word dié broeders eenkant toegeskuif. Die lewensband met die kerke word deurgesny.*

*Daarby kom die kwessie van promosiereg. Reeds in die dae van die vrymaking (1944) is die saak uitgemaak dat die professore aan die Teologiese Skool voortaan gebruik maak van hulle bevoegdheid om die doktorale eksamen af te neem en die doktorstitel in die Godgeleerheid toe te ken. Die Skool is hierin onafhanklik van enige ander opleidingsinstituut. Wanneer die Skool in 'n 'kennissentrum' omskep word, gaan sake drasties verander. Die selfstandigheid van die Teologiese Universiteit kom in gedrang.*

*'n Derde saak raak die 'wetenskaplikheid' van Kampen. Kampen het altyd nog nadruk gelê op die wetenskaplike karakter van die beoefening van die teologie – maar dan steeds primêr as opleiding van Woordbedienaars. Wat is die huidige tendens? Om in dialoog te tree met die teologiese wêreld. Nie dat dit op sigself verkeerd is nie. Maar dit mag nooit die hooftaak van Kampen word nie. Die Skool is geen sentrum vir Godsdienswetenskappe nie.*

Prof. Kamphuis sluit af met 'n ernstige wekroep insake die teologiese opleiding in Kampen:

*Moenie die kerke passeer nie.*
*Moenie die sinode (kuratore) ignoreer nie.*
*Moenie jou geskiedenis vergeet nie.*
*Laat Kampen bly wat dit altyd was: 'n Skool ván die kerke om bedienaars van die versoening op te lei vír die kerke.*

Dit is 'n artikel wat diep sny. Wat Kampen vir gereformeerd Nederland is, is Potchefstroom vir gereformeerd Suid-Afrika. Dit is 'n bekende feit dat die Potchefstroomse Universiteit uit die Teologiese Skool ontwikkel het. Die verhouding tussen Skool en Universiteit is kosbaar. Maar in die lig van alles wat in hierdie uitgawe oor die teologiese opleiding verskyn, geld ook vir Potchefstroom prof. Kamphuis se wekroep:

Laat die TSP 'n Skool van die kerke vir die kerke wees en bly.
Laat die TSP hom besig hou met sy primêre taak: opleiding van bedienaars van die Woord.
Laat die TSP in die harte van die gereformeerde kerkvolk brand.
Laat die TSP 'n lig wees 'in U lig'.

* Hierdie artikel is ook in die Persskou van Januarie 2000 bespreek. Ter wille van die toepaslikheid op hierdie tema-uitgawe word dit weer geplaas.

**'N RAND PER WEEK VIR DIE BIBLIOTEEK**

***Is u al aktief?***